

Reg. No. L4906 Act / Wet No. 36 of / van 1947

**SWAMDODERGROEP 9 FUNGICIDE GROUP**

Aktiewe bestanddeel / Active ingredient:

**siprodinil (anilienopirimidien)**

**cyprodinil (anilinopyrimidine) ..... 750 g/kg**

UN 3077

Product names marked © or ™, the ALLIANCE FRAME, the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company

**‘n Waterdispergeerbare korrelswamdoder vir die beheer van verskeie siektes op die gewasse soos aangedui.**

**A water dispersible granular fungicide for the control of various diseases on crops as indicated.**

**EMERGENCY TEL. / NOOD TEL.**  
++27 (0) 8312 33 911  
(Bateleur 911)

© SYNGENTA, AG

Registration holder / Registrasiehouer:  
**Syngenta SA (Pty) Ltd. / (Edms) Bpk.**  
(Co./Mpy Reg. No. 1998/013761/07)  
Private Bag / Privaatsak X 60  
HALFWAY HOUSE, 1685 RSA.  
Tel. (011) 541-4000

Batch No

Date of Manufacture



CAUTION  
VERSIPTIG



## 1. WAARSKUWINGS

**Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes:**

**Gars (saad) ..... 42 dae**  
**Koring (saad) ..... 42 dae**

**Moet nie gars of koringlande bewei nie.**

- Giftig indien ingesluk.
- Giftig vir akwatiese organismes.
- Die nuut behandelde area mag nie bewei word en geen voedsel mag versamel word nie.
- Berg in 'n koel plek.
- Berg weg van voedsel en voer.
- Hou buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Lugtoediening:** Stel al die bewoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor aangrensende gebiede spuit of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.

Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag, patoog of onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## 2. VOORSORGMATREËLS

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Vermoedlik kontak.
- Was met seep en water na gebruik.
- Was besoedelde kler na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat die hande en gesig gewas is nie.
- Vermoedlik spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme, boorgate en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik.
- Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Spoel die leë houër na gebruik drie keer uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan 10% van die houër. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houër

vernietig word.

- Moet die leë houër vir geen ander doel gebruik nie.

## 3. PRODUKEIENSKAPPE

**UNIX** is 'n swamdoder met sistemiese eienskappe vir die beheer van oogvlek (*Pseudocercospora herpotrichoides*) en vaalblaar (*Septoria tritici*) op koring asook blaarvlek (*Rhynchosporium secalis*) op gars. Die middel inhibeer aminosuursintese en het geen invloed op ergosterol-sintese nie. Die middel is translaminêr en akropetaal met geen basipetale translokasie.

**4. GEBRUIKSAANWYSINGS** Gebruik slegs soos aangedui

### 4.1 VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **UNIX** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulering van die produkte betrokke asook deur die kwaliteit van die water. Aangesien die formulering van ander produkte kan verander sonder die medewete van Syngenta en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat gespuit word. **UNIX** is verenigbaar met die meeste swamdoders wat op koring en gars gebruik word.

### 4.2 MENGINSTRUKSIES

Maak seker die spuitapparaat is skoon en nie gekontamineer met ander middels wat skadelik kan wees op wingerd. Spoel die spuitapparaat met skoon water aan die einde van die dag se toediening met ten minste 1:10 (spuitmengsel: roering) op die gewas.

Indien **UNIX** in tenkmengsel met ander produkte gebruik word, gooi die produkte by die water in die volgende volgorde: eerste **UNIX** en tweedens die ander produkte. Indien ander produkte in wateroplosbare sakkies verpak is, gooi dan eerste die wateroplosbare sakkies en dan **UNIX**.

#### 4.2.1 Misblasers en lugdrukspuitapparaat

- Vul die spuittenk 1/3 met water.
- Roer aanmekaar.
- Gooi die verlangde hoeveelheid produk (met die tregteruit of met maatbeker) in die spuittenk deur eers die filter bo-op te verwyder en die produk dan direk in die spuittenk te gooi.
- Moet nie ophou roer nie.
- Waar tenkmengsels gemaak word, wag totdat al die **UNIX** opgelos is alvorens die ander produkte bygegooi word.
- Hou aan met roer en maak die spuittenk heeltemal vol.

### Belangrik

- Moet nie eers 'n pasta in 'n emmer aanmaak nie.
- Wanneer die spuittenk volgemaak word moet die pyp se bek altyd op die wateroppervlakte wees, om terugsuiging te voorkom.

Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend in roering gehou word.

### 4.3 TOEDIENINGSTEGNIEK

#### 4.3.1 Grondtoediening

UNIX kan met behulp van konvensionele grondtoedieningsapparaat toegedien word. Verseker 'n goeie bedekking met medium tot fyn druppelgrootte. Kalibreer die apparaat voor toediening om seker te maak dat die regte dosis per hektaar toegedien word. Die verspreiding van die mengsel moet egalig oor die teikengebied wees.

#### 4.3.2 Lugtoediening

UNIX kan deur middel van lugbespuiting toegedien word mits die spuitstof egalig oor die teikengebied versprei word en die verlies aan spuitmiddel tydens toediening tot 'n minimum beperk word.

Ten einde hieraan te voltoen, moet die vdgende vereistes nagekom word:

- Gebruik slegs 'n konvensionele spuitbalk. Spuitstukke moet met holkeëlsputpunte bv. D10 - 45 of soortgelyks toegerus wees.
- 'n Minimum spuitvolume van 30 ℓ ha.
- 'n Minimum van 30 tot 40 druppels per vierkante sentimeter moet op die teikengebied herwin word. Gebruik 'n druppel-spektrum met 'n VMD van 280 - 300 mikron.
- Handhaaf 'n vlieghoogte van drie meter bokant die teikengebied by windsnelhede van 0 tot 8 km/uur en twee meter by windsnelhede van 8 tot 15 km/uur. Staak bespuiting sodra die windsnelheid 15 km/uur oorskry. Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie meer as 8° C wees nie.
- Moet nie tydens middaghitte spuit nie.
- Dra sorg dat die lande akkuraat gemerk is.

**Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die spuitoperateur te verkry dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word.**

### 4.4 TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS/ SIEKTE	DOSIS
<b>KORING Oogvlek</b> ( <i>Pseudocercospora herpotrichoides</i> ) <b>Vaalblaar</b> ( <i>Septoria tritici</i> )	<b>Grond- en lugtoediening</b> 500 g/ha plus 375 ml/ha TILT 250 EC
<b>OPMERKINGS:</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe vanaf die einde van halmvorming tot die verskyning van die tweede node (30 - 32 BBCH<sup>1</sup>).</li> <li>• Sal ook vroeë besmettings van <i>Septoria</i> beheer asook ander siektes soos wat deur TILT 250 EC beheer word.</li> </ul>	
<b>GARS Blaarvlek</b> ( <i>Rhynchosporium secalis</i> )	<b>Grond- en lugtoediening</b> 500 g/ha
<b>OPMERKINGS:</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe vanaf die verskyning van die tweede node tot die verskyning van die vlagblaar (32 - 37 BBCH<sup>1</sup>) of vroeër wanneer die eerste simptome van siekte waargeneem word.</li> <li>• Volg op et TILT 250 EC grondtoediening (400 ml/ha) of lugtoediening (500 ml/ha) van net voor die verskyning van die vlagblaar tot baard verskyning (37 - 51 BBCH<sup>1</sup>).</li> <li>• Die twee toedienings moet met 'n tussenpose van 3 - 4 weke plaasvind.</li> <li>• Hierdie program sal ook netvlek, poeieragtige skimmel (meeldou) en bruinroes beheer.</li> </ul>	

<sup>1</sup>BBCH: Lancashire, P.D. et.al. (1991). A uniform decimal code for growth stages of crops and weeds. Ann. Appl. Biol. 119: 561-601.

UNIX® en TILT® = Geregistreerde Handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

© SYNGENTA AG, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.